*Together we stand, better nation we build*
*Saamstaan ons, beter nasie bou ons*

LONGACRES
GIVE, GROEI, PERSISTO

# Blitz Nuus

**16 Maart** 2023 Nuusbrief 10




## Blitz pen




Soos wat die kwartaal se einde nader, sien ons daarna uit om volgende kwartaal met ons wintersportprogram en Eisteddfod te begin. Ons wil graag vir Mila met haar deelname aan die Wes-Kaapse byeenkoms gelukwens en ons weet sy het haar allerbeste gelewer. Mila gaan die naweek in Pietermaritzburg aan die SA Kampioenskappe deelneem. Mila, ons is **SO** trots op jou!

**LANGNAWEEK!**

Maandag die 20ste Maart is 'n skoolvakansiedag en die 21ste Maart is 'n publieke vakansiedag. Wees veilig en geniet dit!

Die skool sluit die 24ste Maart om 10:00. Die leerders mag op daardie dag civvies dra!

## OUER-ONDERWYSERSDAG

Die ouer-onderwyserdag moet ongelukkig uitgeskuif moet word na Maandag 17 April agv die feit dat ons nog nie die finale persentasie aanwysings vanaf die department van basiese onderwys ontvang het nie. Alle rapporte sal daardie dag aan die ouers oorhandig word tussen 14:30-17:00. Ons vra onverskoning vir hierdie onbeplande ongerief.

## INGANG NA DIE SKOOL

Al die ouers moet asseblief regs draai wanneer u inry by die skoolhek. Die parkeerarea aan die linkerkant is slegs vir die personeel. Dit veroorsaak onnodige verkeersprobleme wanneer die ouers links draai.

## ORATORS


Die Orators is 'n interne kompetisie wat op **3 Mei 2023** gaan plaasvind.

**Temas is as volg**:

| | |
|---|---|
| **Graad 1 -3** (2 – 4 mins)<br>• Colour<br>• Play<br>• Small | **Graad 8 & 9** (5 – 7 mins)<br>• Crossroads<br>• Angel<br>• Hashtag |
| **Graad 4 & 5** (3 – 5 mins)<br>• Flash<br>• Listen<br>• Sound | **Graad 10 – 12** (5 – 7 mins)<br>• Inclusion<br>• Empower<br>• Ideology |
| **Graad 6 & 7** (4 – 6 mins)<br>• Tradition<br>• Travel<br>• Race | |

## "MIGHTY MEN" KONFERENSIE

Ons eie Mnr. Ash-lee Louwskieter en sy vrou, Wendy, is uitgenooi om die lofprysing en aanbidding gedurende Die "Mighty Men" Konferensie op 25 Maart 2023 in Windhoek, Namibië te lei. Hierdie samekoms is deur die welbekende evangelis Oom Angus Buchan georganiseer en is ook bekend vir die duisende mans wat dit oor die hele wêreld bywoon.



Ons is baie trots op een van ons eie wat so 'n instrumentele rol gaan vervul by hierdie geleentheid en ons vertrou dat hulle rol wat hulle speel 'n bydrae gaan lewer om hierdie geleentheid 'n sukses te maak.

## RUGBY & NETBAL

Ons eerste rugbydag sal op die 15de April by CPM se sportdag plaasvind. Die eerste oefening vir die o/7 – o/9 leerders sal op die 13de April plaasvind. Hierdie sportdae is wonderlike ervaringe vir ons leerders. Briewe vir die CPM sportdag is reeds aan alle leerders uitgegee. Stuur asseblief die afskeurstrokie vir die registeronderwyser terug.

**Oefentye vir Kwartaal 2:**

Dinsdae en Donderdae (Wedstryddae)

Gr 1 en 2 13:10 – 14:15

Gr 3 14:15 – 15:15

Gr 4-7 14:15 – 16:00

## Sport

**LAERSKOOL:**
Al die o/10 – o/13 Rugby & Netbal leerders gaan met kondisionering begin.

Dinsdae & Donderdae – 14:00 – 14:45

**HOëRSKOOL: Kondisionering**

Rugby & Netbal - Maandae & Woensdae @ 14:00 – 14:45
Hokkie - Dinsdae & Donderdae @ 14:00 – 14:45

## Mini-Krieketoefening

Ons leerders het die Pomario Mini-krieket sportdag geweldig baie geniet. Baie dankie dat ons deel kon wees van hierdie geleentheid en ons hoop om aan te hou bou aan 'n verhouding met hulle.

Gaan kyk asseblief op die skool se facebook blad na die foto's!



## PTA / OOV







## MASELS



Soos julle reeds weet het die wêreld 'n masels uitbraak. Ongelukkig het die masels uitbraak Langebaan bereik. Ons vra dat julle waaksaam sal wees in die verband. Ons het onlangs 'n besoek van die gesondheidsdepartement ontvang en van ons leerders is met die maselsentstof se booster ingeënt.

Hierdie entstowwe is in verskeie plekke in die Weskus beskikbaar.

## SKOOLKWARTALE 2023

| Kwartaal | Duur van kwartaal | Aantal weke | Aantal publieke vakansiedae |
|---|---|---|---|
| 1 | (09) 11 Jan - 24 Mrt | 11 | 1+1 |
| 2 | (12)13 Apr – 23 Jun | 11 | 3+1 |
| 3 | (17)18 Jul – 29 Sept | 11 | 2 |
| 4 | 10 Okt – 13 (15) Des | 10 | 0 |




## Blitzraad & Sosiale Komitee

Ons wil graag teruggee aan die gemeenskap deur items aan Saldanha Dierebeskerming te skenk. Die items hoef nie nuut te wees nie, as daar iets is wat jy nie meer gebruik of nodig het nie, stuur dit asseblief! Ons waardeer julle deurlopende ondersteuning!

## Advertensie




## Coast 2 Coast

**Siftingstoetse: 13 & 14 Maart 2023. Maak asseblief 'n afspraak by die kantoor.**



## 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat. Ek het ‘n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my ‘n vergadering reël, voordat u formeel kennis gee.

**Vriendelike groete,**

**Mnr Edmund Barkhuysen**

**Skoolhoof**

**hoof@longacresps.co.za**

## CCTV KENNISGEWING

Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, te verseker.



## HUISWERKSENTRUM

### Die huiswerksentrum vir 2023 sal as volg wees:

**Graad 1 - Ellisia Steyn selfoon 076 170 9705**

**Graad 2 – Sarita Rossler selfoon 082 923 7188**

**Graad 3 & 4 - Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Graad 5 - 7 en Saldanha Bus – Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Graad 4 - 7 Vredenburg Bus – Sorika Loubser selfoon 082 312 7005**

**Graad 8 - 12 en Velddrif Bus - Erika Theunissen selfoon 072 010 2655**

**Buite toesig vanaf 16:00 Graad 1 - 3 (Ellisia)**

**Toesig vanaf 16:00 Graad 4 - 12 (Sorika en Erika)**

**Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel.**